UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 2

# SINVOLHEID VAN BESTAAN

## 2.1 Inleidend

Soos in die vorige hoofstuk volledig uiteengesit, is die werklike opvoedingsessensies (ook die doelstrukture en -essensies) skynbaar lewelose strukture wat gekenmerk word deur lewensvatbaarheid wat dui op die moontlikheid en noodwendigheid van wek-van-lewe deur die lewensopvatlike inhoude.[1]

Dat die mens opvoed, opgevoed word en hom tot opvoeding leen, is 'n universele verskynsel (Langeveld). Oberholzer beskryf opvoeding as aangeleentheid van geleide afhanklikheid, vervleg met geleide selfstandigheid met die oog op selfgeleide selfstandigheid.[2] Die feit is dat die mens oral en altyd bewustelik of onopsetlik kan opvoed en oor die opvoeding besin. Dit is dan wanneer lewegewende inhoude van pedagogiese essensies ter sprake kom.

Die Christen-Protestant neem vir sy inhoudgewing sy uitgangspunt in die openbaring van die Ewige in die tydelike d.i. in die openbaring van God die Skepper in sy Seun Jesus Christus, die God-mens, waarvan die Woord (Skrif) die outentieke getuienis is (aangevul deur die Belydenisskrifte wat gegrond is op die Skrif en hulle gesag daaruit ontleen).[3] Die Christen-denker en kerkvader Augustinus (350-430 n.C.) het veral die Christelike

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



liefde as die koninklike weg van alle opvoeding beklemtoon.[4] Die Christelike-eksistensiële denke neem sy uitgangspunt vanuit die geloofsituasie en wil van daaruit oor die Christen-mens, die -kind en sy opvoeding nadenk. Daar word geredeneer vanuit die mens-in-relasie-tot-God as die grond-relasie waarin hy deur die skeppende Woord gestel is en waarvan hy hom nie kan losmaak nie. Die Ek-God relasie is transendentaal vir kennis van God en hier is die korresponderende kenhouding van die Christen, die geloofshouding, die luister-houding, die hoor van die Woord, oorgawe aan en ontmoeting met God in Jesus Christus.[5]

Die vraagstuk waarmee die pedagogieker tans te doen kry lê (ook vir die Christen-Protestantse pedagogieker) in die <u>wyse van wetenskapsbeoefening</u> en die beskouing oor die wetenskaplikheid van die Pedagogiek, dus in die verhouding tussen Pedago-giek as suiwer wetenskap en die aanwending daarvan in die praktyk.[6] Die Pedagogiek is wetenskap, dus noodwendig teoreties en kan hom dus nie aan voorskrywing waag nie (Döpp-Vorwald, Dreschsler en Derbolav). Roth en Bollnow onderskei tussen die Opvoedingswetenskap en die Pedagogiek as doelleer wat voorskryf vir die praktyk. Strasser wat fenomenologies-georiënteerd is, sê die Pedagogiek, om volwaardig te wees (vir 'n praktyk) moet aangevul word deur lewensopvatlike inhoude.

Die Pedagogiek as wetenskap is slegs beskrywend,

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



het te doen met wat die mens is, maar ook met wat die mens behoort te wees omdat die opvoedingsdoel nie losgemaak kan word van die vraag na die bestemming van die mens nie (Roth). Die feit is egter dat die Pedagogiek wel in staat is tot formulering van 'n formele doelstruktuur nl. volwassenheid. So het Landman dan ook die reeds genoemde doelstrukture (wat verderaan volledig beskrywe word) as kriteria van volwassenheid onderskei as universeel geldend vir alle opvoedingsituasies.[7] Ook Oberholzer skryf oor die pedagogiese gebeure: "Sy struktuur, voorwaardes en kenmerke is nagegaan, sy ontstaan en verloop is beskrywe en daar is getrag om by die essensies van die gebeure uit te kom. Daar is kategorieë ontwerp en gefundeer; pedagogiese kriteria is geformuleer ... aan die hand waarvan die aktuele gebeure beoordeel behoort te word"[8], dus ook die opvoedingsgebeure as doelstellingsgebeure.

Die wetenskap is net beskrywend en as iemand dit wat beskryf is wil voorskryf, is dit 'n na-wetenskaplike aangeleentheid. Die algemeen geldige doelstrukture word van lewensopvatlike inhoude voorsien omdat hulle lewensvatbaar is en word lewend gemaak in die partikuliere opvoedingsituasies, (dan nie as wetenskapsbeoefening nie maar as pedagogie). Dié lewende opvoedingsessensies geïntegreer met geordende lewensopvatlike voorskrifte (soos onder andere uit die inhoud van die Nagmaalsformulier) maak lewende, geordende en

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



essensiële opvoedingsvoorskrifte moontlik waarsonder 'n gefundeerde opvoedingspraktyk onmoontlik is.[9]

Hiermee stem Gunter saam as hy dit stel dat die fenomenologie as beskrywende metode nie die fundamentele en laaste vrae insake die uiteindelike Grond, Doel en Sin van die menslike opvoeding kan beantwoord nie. Die doel kan wel omskrywe word maar wanneer daar oorgegaan moet word tot die interpretasie van die inhoud en kriteria van volwassenheid, die inhoud en doel van die lewenstaak van die mens in die wêreld, en die inhoud en norme van die behoorlikheid, dan tree die wêreld- en lewensbeskouing onvermydelik na vore en kan 'n volledige antwoord op hierdie moeilike vrae verkry word.[10] Ook van Zyl meen dat die suiwer formele doelstelling in partikuliere lewenspraktyke inhoud moet kry op grond van 'n lewensopvatting wat die besondere kultuurgemeenskap as lotsgenote saambind.[11]

Die Pedagogiek se eerste en "mischien wel voornaamste opdracht te behoeden voor een dwaalweg" is volgens Perquin dat die resultate minstens "herleidbaar zijn tot eenvoudige principien, die voor iedere mens bruikbaar zijn".[12]

Besondere lewenswaardes moet nou in die praktyk aangewend word aangesien "die voor de ware volwassenheid een voorwaarde blijken te zijn". Die taak van die opvoeder is "een antwoord te

geven op de vraag hoe de waarden in het jeugdige leven geïntegreerd kunnen worden. Zij is in wezen de leerder intergratie, der adaptie, der steungeving .... De eerste taak van een teorie der opvoeding is de grondslagen te leggen voor een verantwoorde practijk der opvoeding".[13]

Die sin van die opvoeding moet ontdek word en lê in die wonder van menswees as gawe en opgawe wat aan die mens die verantwoordelikheid toe-sê om vryheid te aanvaar, selfs met die moontlikheid dat hy dit ook kan skend. Indien die mens die moontlikheid tot vryheidsaanvaarding en vryheidskending nie gehad het nie, sou opvoeding onnodig en sinloos wees.[14]

So lê die sin van die opvoeding vir Perquin in die liefde en die normatiewe. Die pedagogieker moet soek "wat God met menzen voorhad toen hy aan de volwassenen de kinderen toevertroude".[15]

Die Protestantse Christen moet kyk of sy wetenskaplike besinning nie juis kan dien tot versterking van sy lewensopvatting nie. Telkens keer hy na die Bybel en dié daarin gefundeerde bronne terug waarin die lewensopvatlike sy diepste gronde en rykste inhoud kry. Op hierdie wyse kan bv. die pedagogiese doelstrukture tot lewe gewek word deur die Nagmaalsformulierinhoude sodat dit in konkrete opvoedingsituasies kan funksioneer.[16]
Vir die Christen is pedagogiese ontmoeting slegs sinvol waar daar geloof is, nl. geloof dat God,

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ten spyte van die opvoeder se menslike swakhede, deur Hom tot die Kind spreek sodat hulle nie alleen deelgenote maar ook geloofsgenote in die opvoedingsituasie word en saam gerig word op verwerkliking van pedagogiese doelstrukture op Christelike wyse.

So wys ook Emile Brunner dat alleen die geloof en nie die wetenskap nie, kon getuig dat Jesus van Nasaret die Christus is, maar nogtans word hier niks in hierdie geloofsuitspraak gesê wat onverenigbaar met die wetenskap is nie. Einstein beweer dat: "Science without religion is lame, religion without science is blind".[17]

Ook Gunter sê dat die Protestantse Christen-opvoeder met die kind begin as geskapene deur die Woord van God na Sy Beeld en in relasie tot God, die medemens en die wêreld, maar .... wat deur die sondeval in wanrelasie tot God te staan kom.[18] "En tog: in weerwil van wat die mens met die Mens aangevang het, ontmoet twee menslike aangesigte mekaar nog steeds; die een stel hom oop vir die noodroep van die ander; die ander aanvaar die uitnodiging en laat hom steun",[19] en begelei na sy bestemming as mens.

Oberholzer sien die wêreldgeskiedenis as 'n verloop vanaf 'n vaste beginpunt in die skepping, opgevolg deur die sondeval, met die belofte van herskepping wat plaasvind by die grootste gebeurtenis in die wêreldgeskiedenis, nl. die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



geboorte van Christus wat 'n loodregte inbraak vanaf die Ewigheid op die tyd was, met 'n finale en absolute eindpunt, naamlik Sy wederkoms. Êrens op hierdie lyn staan dus 'n Baken of Teken, naamlik die Kruis, waarvandaan die Christenmens terug- of skeppingwaarts, maar ook toekomswaarts kan kyk. Die Vleeswording van Christus verdeel die geskiedenis in twee.

Watter vertolking en sin gee hierdie visie aan die verskynsel van opvoeding? Mensehande het Christus aan die Kruis geslaan en sinds Adam vlug die mens voor God. Tog kyk mense mekaar in die gesig, herken die gelowige die beeld van God in elke ander en tergelykertyd herken hy ook sy eie skuld en medeskuldigheid aan die dood van Christus. In stede van sy gesig weg te draai, bemoei hy hom bewus en opsetlik met die ander. Hiertoe is hy geroepe. Dit is die Kruisboodskap [20] (soos dit telkens weer in die viering van die Nagmaal pertinent onder die Nagmaalsganger se aandag gebring word).

Is daar sin in die bemoeienis van die volwassene met die kind (vir die Christen as Verbondskind) om met soveel toewyding aan die toekoms (aardse en ewige) van die kind te arbei? Hierdie ná-wetenskaplike vrae moet elke opvoeder vir homself beantwoord want dit beteken in die laaste instansie verantwoordelikheidsaanvaarding teenoor die naaste wat deur God op die mens se lewensweg geplaas is. (Sien ook Nagmaalsformulier-opdrag).

Hierin lê in finale instansie die sin van alle egte opvoeding: die oprigting van bakens om te herinner aan wat eenmaal was en om die hand van daardie bakens op te wek tot wat in aantog is.[21]

Daarom poog die Christelike pedagogieker en opvoeder om bakens vir die kind-op-weg aan die lig te bring en op te rig deur sowel die wetenskaplik verkreë kategorieë as die lewensopvatlike (o.a. versekering van die versoening van elkeen wat in Christus glo). Daarom word gepoog om deur die outentieke Protestants-Christelike inhoudgewing (soos o.a. vervat in die Nagmaalsformulier) die universele opvoedingsessensies (hier die doelstrukture) skerper in reliëf te plaas.[22]

Daar sal nou oorgegaan word tot die beskrywing en uitleg van die doelstruktuur, sinvolheid-van-bestaan, ten einde tot die wesenlike daarvan deur te dring sodat Nagmaalsformulier inhoude aangewend kan word om lewe daarin te wek en sodoende dié essensies te aktiveer tot handeling in die daaglikse opvoedingsgebeure.

2.2 <u>Sinvolheid van bestaan : Beskrywing en uitleg</u>

Dat die mens opvoed, opgevoed word en hom tot opvoeding leen is 'n universele verskynsel, volgens Langeveld.[23] Wie dus oor die opvoeding en doel van die opvoeding besin, besin dus oor die mens. Daarom is alle Pedagogiek antropologies georiënteer.[24]

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Heidegger sê dat die mees prinsipiële vraag die vraag na die sin van die syn is, want dit erken die feit van die syn en vra verder na die diepste gronde as die sin van die syn. Om hierop te antwoord moet die mens as synde van die syn hom wend tot die menslike synde self.[25]

Wanneer die pedagogieker nou wil besin oor die mense betrokke by opvoedingsituasies, dan sal hy ook moet vra na die sinvolheid van die menslike bestaan, na die sin van die lewe.[26]

2.2.1 ....bewus-van-lewenseise:

Die volwasse mens wat 'n sinvolle bestaan voer besef dat hy nie eise aan die lewe durf stel nie. Nogtans is hier sprake van gerigtheid op[27] die hede sowel as op die toekoms want menslike bestaan is toekomstigheid. Hy wil enersyds weet wat die toekoms inhou en andersyds liewer nie weet nie, uit vrees dat hy nie by magte sal wees om aan dié eise te beantwoord nie. Terselfdertyd bevra hy tog die toekoms en stel selfs eise daaraan, sonder dat een vraag beantwoord of aan een enkele deur die mens gestelde eis voldoen word. Die paradoksale is juis dat die toekoms hom bevra en hy is bewus van die lewenseise aan hom gestel.[28] Hy is die bevraagde en moet antwoord deur 'n verantwoordbare lewe te voer en aldus rekenskap te kan gee van sy keuses en die handelinge wat daaruit voortvloei.[29]

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


2.2.2 <u>.... besef-van-bevraagdheid.</u>

Die kind word nie gebore met die <u>besef-van-bevraagdheid</u> en dat hy moet antwoord deur 'n verantwoordbare lewe te voer nie. Hy het hulp en leiding van 'n volwassene nodig sodat hy die sin van sy bestaan, naamlik taakaanvaarding en taakvervulling kan besef en sy lewe daardeur sin en betekenis kan kry.[30] Die opvoeder moet die kind steun tot behoorlike volwassenheid en hom in toenemende mate wys op sy bevraagdheid en dat daar ook in 'n mate rekenskap van hom geëis word betreffende die aanvaarding van sy vryheid. So sal die kind toenemend onder die <u>besef</u> kom van die verantwoordelikhede wat sy vryheid meebring, 'n vryheid wat 'n gebondenheid is aan besondere waardes en (slegs vir die Christen) in die laaste instansie 'n gebondenheid om vrywillig te staan onder die gesag van God[31] deur Jesus Christus. Hy is geroepene om waardes te verwerklik.[32] Kriek wys daarop dat (volgens die Middelnederlands) om 'n besef van iets te hê beteken om 'n gevoel vir iets te hê. Om tot besef te bring (volgens die Afrikaanse verklaring) beteken om goed te laat verstaan en ten volle te kan begryp.[33]

In sy belewing van menslike openheid as bestaanswyse breek die <u>besef</u> tot die mens deur dat sy in-die-wêreld-wees dui op die geheel van verhoudinge wat deur hom ontwerp <u>moet</u> word sodat die dáár van sy Da-sein steeds voller syn moet word. Syns-volheid is leef uit synsbevraagdheid en dit verg 'n deurgebreekte besef wat so helder

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


in die bewussyn staan dat daar nie aan getwyfel word nie - ook nie aan wat behoort te wees nie. Die volwassene besef dat hy 'n verantwoordelike lewe moet voer omdat hy besef dat verantwoordelik-wees in waardeverwerkliking en besluitvaardigheid, die sin van mensebestaan is.[34] Omdat hy 'n wese is met selfbewussyn as behoorlikheidsbewussyn gaan dit hier om 'n steeds toenemende besef van die eie gesitueerdheid as 'n normatief-normerende gesitueerdheid en 'n besef van die eisestellende aard van die eie wêreldverhoudinge.[35]

As waardebestrewende en waardeverwesenlikende wese beslis hy voortdurend oor wat hy is en wat hy wil wees en vra hy na 'n nog altyd sinvoller bestaan, wel wetende dat hy gerig word deur 'n bestemming (behoorlike volwassenheid) wat sy wese konstitueer en sy bestaanswyse begrond.[36]

Die kind is voortdurend van sy onvermoë bewus om louter uit homself en deur homself daardie iemand te word wat hy wil wees en behoort te wees en omdat hy die sinvolheid van pedagogiese bemoeienis kan besef, kom hy hierdie bemoeienis halfpad tegemoet, want hy het 'n toenemende besef van sy toekomstigheid.[37]

Die kind is van meet af aan vraend in die wêreld (Sonnekus) en verower al vraende sy wêreldbeeld. Hy besit dus die moontlikheid om te bevra en hierdie vraende eksistensie is kontinu dwarsdeur sy lewe.[38] Hierdie selfwording via die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kindervraag kan egter nie toereikend gedy nie, tensy die volwassene op verantwoordbare wyse daaraan hulp en steun verleen by wyse van sy antwoord daarop.[39]

Ook van Zyl sien opvoeding as gerigtheid op 'n doel wat in verband staan met opheffing, verbetering, heenleiding na wat behoort te wees. In hierdie wêreld is die mens geroepe tot taakverrigting, tot 'n lewenstaak en menswording. Deur die verrigting van sy lewenstaak gee elke mens 'n persoonlike antwoord op sy eie bevraagdheid (om die aarde te bewerk, te bewaak, te beheers en te bewoon soos van 'n mens verwag word). Sy geworpenheid in die wêreld (Heidegger) is die geleentheid wat hy kry om die mens te word wat hy behoort te word. Sy verlede, hede en toekoms moet hy kies deur self die sin daarvan te soek, te vind en te skep deur sin op só 'n wyse te ontvou soos net hy dit kan doen. Hy ontvang die wêreld as gawe en opgawe. By geboorte is hy slegs moontlikheid maar begenadig en aangewese op opvoeding as steungewing totdat hy geleidelik die moontlikheid verwerf om uiteindelik skeppend of skendend uitdrukking te gee aan sy in-die-wêreld-wees. Dit beteken dat hy die vryheid aanvaar om op eie verantwoordelikheid sy lewenstaak as menswaardige mens te

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



volbring en dit impliseer ook skuldaanvaarding vir vryheidskending.[40]

Die volwassene weet dus dat hy deur die lewe bevra word, want persoon-wees beteken juis om bewus te word en te wees van verantwoordelikheid en bevraagdheid waardeur hy op sy bestemming gerig word.[41] Ook is hy bewus daarvan dat hy geroepe is om die sin van die lewe te ontdek en aanvaar. Die sinvolheid van die lewe is dus daarin geleë dat die mens nie aan die lewe durf vrae stel nie, maar dat dit die lewe self is wat hom bevra in elke situasie waarin hy hom bevind. Sy belewing hiervan sal lei tot belewing van sy positiewe moontlikhede en hoe hy dit maksimaal kan laat ontplooi, gedy en implementeer ten einde in toenemende mate "ja" teenoor die lewe te kan sê.[42] Hierdie toenemende besef van bevraagdheid is nodig om die mens te voer na volwaardige menswaardigheid en na 'n sinvolle lewensbestaan.[43]

Die kind sowel as die volwassene is nie slegs vraagstellende wese nie maar ook bevraagde want menswees beteken om aangesprokene te wees, om in elke situasie die bevraagde te wees, die tot-antwoord-geroepene.[44]

2.2.3 Opgeroep-word-tot-antwoord.

Dit impliseer 'n persoonlike antwoord, 'n aktiewe konkrete antwoord op 'n konkrete opgawe as 'n persoonlike opdrag in elke oomblik van sy bestaan.[45]

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Elke wyse van menswees het sy eie sin en sy eie taak van singewing aan die hede wat sy ankers in 'n verlede het en op 'n sinvolle toekoms gerig is.[46]

As subjek is die mens 'n sekere selfstandigheid, 'n op-sigself-staan in die wêreld. As persoon is die mens aangesprokene, aangeroepene en aanhorende. Omdat hy selfstandig en rasioneel kan lewe, beskik hy oor die gawe om by wyse van 'n eie persoonlike oordeel, keuse, beslissing en handeling te antwoord op sy aangesprokenheid.[47] Hy beskik dus oor die gawe om bewus te kan wees van sy anders-kan-word vanweë 'n anders-behoort-te-word. Hy kan dus bereidwillig wees om gehoorsaam te wees aan hierdie behoorlikheidsbesef.[48]

Om persoon te wees beteken verder om met 'n taak as persoonlike opdrag gekonfronteer te wees. Vir die uitvoering hiervan moet daar, veral by die volwassene wat as opvoeder wil optree, die bereidwilligheid tot 'n persoonlike antwoord in verantwoordelikheid en toerekenbaarheid bestaan.[49]

Hierdie persoonlike opdrag is 'n appél wat tot elke volwassene (as moontlikheid na die toekoms) by herhaling vanuit sy bepaalde situasie tot hom gerig word en telkens moet hy op hierdie aangesprokenheid antwoord deur 'n verantwoordbare lewe te voer.[50] Die sinvolheid van sy bestaan is juis in sy vryheid tot 'n persoonlike antwoord geleë en hierdeur bevestig hy voortdurend die normbeeld van volwassenheid wat 'n eksistensieel-eties-normatiewe aangeleentheid is.[51]

2.2.4 Voer-van-verantwoordbare lewe.

Kriek dui daarop dat antwoord 'n eksistensiële beantwoording is wat dui op **ver-antwoord-elikheid** met 'n verpligtende of imperatiewe karakter. Hierdeur word die mens gedwing om antwoord te gee, is hy aanspreeklik en belas met 'n bepaalde opdrag waarop hy rekenskap moet kan gee. Die volwasse mens moet op 'n verantwoordelike wyse verantwoordbaar kan antwoord op die opdrag wat tot hom spreek.[52]

Antwoord op 'n opdrag impliseer aanvaarding wat konkretiseer in die daad van oorgawe om in eie vrye wil hom ter beskikking van die lewenstaak te stel, gerig deur die eie oordeel in verantwoordelikheid en in ooreenstemming met die sin van die lewe.[53]

Die mens is inisiatief van verhoudinge tot 'n wêreld wat hy ontmoet en waardeur hy ontmoet word. Hy is by sy menswording betrokke as konkrete eksistensieel-etiese-subjektiwiteit. Hy is immers Da-sein [54] (Oberholzer). Ook van Zyl sien die mens in verhouding tot die natuur, kultuur, medemens en God, wat dui daarop dat hy sinsoeker, sinvinder en singewer of **sinskender** is.[55]

Die kind sowel as die volwassene moet eers self sin belewe alvorens hy self sin kan gee. Singewing word dus deur sinbelewing voorafgegaan.[56] Namate die kind sy taak as kind sinvol beleef, word hy in sy jeugjare toenemend bewus van sy eie

bevraagdheid en word met meer erns krities na die sin van die lewe en na 'n eie aandeel aan sinvolle taakbelewing gesoek. Hy moet leer om sy verwagtings in ooreenstemming met sy moontlikhede te stel en die voorbereiding vir beroepsarbeid is deel van die lewenstaak wat sinvol geleef word.[57]

Die singewende bestaan by die jeugdige sal onmoontlik wees as die bewuste wil en opset daartoe ontbreek, want dit is die <u>wil</u> tot <u>sin</u> wat sy lewe laat gedy. Eers wanneer die wil tot singewing aanvaar is, vorm die geloof in die sinvolheid die grondslag van elke keuse en elke beslissing oor wat hy is en wat hy wil wees.[58] Die wil tot sinvolle lewe lei tot vervulling van lewensin en lewensbestemming.[59] By 'n volwassene oorheers die wil tot singewing aan sy bestaan sodanig dat hy verantwoordelik voel vir die vervulling van die sin van sy lewe, naamlik taakaanvaarding en taakvervulling. Al sy handelinge sal dan gedra word deur die besef dat die lewe sinvol is en hierdie besef sal die grondslag vorm van elke beslissing wat hy maak.[60] Dit sal beteken dat die volwassene tot verantwoordelike selfbegrip gekom het waarin hy sy positiewe moontlikhede asook sy bevraagdheid sal begryp en toenemend in diens sal stel van homself en sy medemens sodat hy tot 'n vervulling van sy plig kan kom.[61]

Die vraag na die sin van die lewe is 'n spesifieke menslike vraag en 'n wesenlike uiting van outentieke menswees. Dis 'n uiting van die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



menslike van die mens.[62] Die lewensbestemming van die mens kan alleen deur selfverwerkliking bereik word, dus deur die vervulling van sy bestemming as vervulling van die sinvolheid van sy lewe[63] en so word die mens tot wese wat steeds verder wys, wat toekomsgerig is en wat deur alles heen oplei na die Transedente.[64]

Ten einde sy bestemming te bereik, is die mens dus aktief gerig op die toekoms en bewus daarvan dat hy rekenskap moet gee van sy deelname.

2.2.5 Vervulling van bestemming as toekomsgerigtheid en rekenskap van deelname.

'n Bestaan sonder 'n gerigtheid op die toekoms is 'n verskraalde bestaan omdat dit in die hier-en-nou gevange bly (Beets).[65] Toekomsgerigtheid dui op 'n ideaal, 'n bestemming wat bereik moet word en wat die lewe sinvol en betekenisvol maak en sinvolle verwagtinge wek. Dit verg aktiwiteit om die positiewe moontlikhede waaroor 'n mens beskik deur eie inisiatief en deelname (inspanning) in die toekoms te verwerklik. Die toekoms is opgawe met die verlede as die gegewene in die spanning van die hede.[66] As ongeslotenheid gaan dit om die op-hom-neem van die toekoms wat in aantog is en gee 'n mens só daadwerklike uitdrukking aan sy toekomsgerigtheid.[67] Die opvoeder moet by die opvoedeling 'n verlange na die toekoms wek, hom in die hede laat werk aan die toekoms om steeds toenemend toekomseise te begryp en hom sinvol op die toekoms te rig sodat hy geleidelik sy roeping kan vervul.[68]

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Die menslike bestaan is geen vanselfsprekende en vanself-gebeurende bestaan nie. Dit is 'n bestaanswyse wat geensins in vaste bane verloop nie; as ontiese ongeslotenheid is dit moontlikheid om van geleenthede wat hy inderdaad self is, iets te maak. Hy is met 'n taak gekonfronteerd: hy is taak of opgawe. Die wese wat mens genoem word, verteenwoordig 'n oeronvoltooide vorm met 'n onvoltooide funksie in 'n onvoltooide tyd. Hy is toekomstigheid as taak. Hy staan onteenseglik as mens in sy indiwiduskap solitêr en moet elke gebeurtenis-in-eie-gesintueerdheid in alleenheid deurmaak maar terselfdertyd is dit ewe onomstootlik dat niemand hierdie toekomstigheid wat hy is, kan betree of selfs ontvlug sonder om ook die lewe van 'n ander daarby te betrek nie. In die mens se solitêriteit is en bly hy ook solidêr gemoeid.[69]

Die volwasse mens wat rekenskap van sy deelname aan die vervulling van sy bestemming moet gee, is (volgens van Zyl) 'n deemoedige mens wat skuldig staan omdat hy weet dat hy as bevraagde selde antwoord soos hy dit behoort te doen. Hy waag telkens weer omdat hy glo dat sy nietige bydrae sinvol is. Hy is bereid om eie kleinheid te bely en tog in geloofsvertroue voort te gaan met sy lewenstaak.[70] "No man is ever all he can be ....."[71] Ook Liebenberg sê dat menslike handeling in geloof gedra word. Geloof is 'n uitsluitlik menslike verskynsel wat direk gegee is en onwegdinkbaar is en daarsonder is geen

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



menslike bestaan sinvol nie. In die laaste instansie berus alle menslike, dus ook opvoedingshandelinge op direkte persoonlike sekerhede wat hy as waar aanvaar al kan dit nie deur bewysvoering gestaaf word nie. Vir die Christen is dit geloofsvertroue (in God), geloofsverwagting en die geloofsdaad.[72]

Oberholzer beweer juis dat dié sekerheid en vastrapplek waarmee die mens die onbekende toekoms onbevrees tegemoet kan tree, in die lewensopvatting geleë is. Die praktiese rede van die mens bemoei hom met die vraag na die wese en die taak van die mens en aansluitend by die sin en die sinvolheid van menselewe as dít wat gedoen behoort te word, as die hoogswaardevolle. Dít hang nou saam met en is die neerslag van die lewensopvatting.[73] Deurgaans moet in gedagte gehou word dat 'n mens se verhoudinge tot andere deur bitter min wetenskaplikheid gekenmerk word. Hierdie verhouding word deur kragte en magte gedra wat dieper reik en oneindig verder strek as kennis en wetenskap.[74]

Van Zyl beweer ook dat die sinvolheid van die menslike bestaan bo-wetenskaplik is omdat dit nie die uitkoms van wetenskaplike besinning is nie.[75] As daar dan besin word oor die sin van die lewe, word gevra na die wese van die mens, na sy herkoms en bestemming. Antwoorde op hierdie vrae gryp verder heen as die empiries-waarneembare van die mens se in die wêreld wees. Dit verwys na 'n bepaalde mensbeskouing gegrond in 'n partikuliere

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



lewensopvatting (Roos).[76] Hierby sluit Popma aan deur daarop te wys dat 'n mensbeskouing wat uitgaan van die mens as sodanig los van sy lewens- of wêreldbeskouing, glad nie oor die mens handel nie.[77]

Om dus die wetenskaplik ontdekte essensies van die doelstruktuur "Sinvolheid van bestaan" wat lewensvatbaar is tot lewe-te-wek sal daar ná-wetenskaplik die lewensopvatlike inhoude (soos hier vervat in die Nagmaalsformulier) as geloof in die enigste Singewer, volgens die perspektief-metode moet aangewend word om die sinvolheid van sy bestaan in die lewe van die Christen-Protestant te intensiveer, te verskerp en tot lewe en aktiwiteit te wek.

2.3 Sinvolheid van bestaan : Essensies.

Deur gebruik te maak van die fenomenologiese benaderingswyse is die werklike essensiële van die doelstruktuur sinvolheid-van-bestaan uitgelig. Hier volg nou die essensies wat so openbaar is:

2.3.1 Bewuswees-van-lewenseise,

2.3.2 Besef-van-bevraagdheid,

2.3.3 Opgeroep-word-tot-antwoord,

2.3.4 Voer-van-verantwoordbare-lewe,

2.3.5 Rekenskap-van-deelname.[78]

Daar sal nou oorgegaan word tot die uitlig van die Nagmaalsformulierinhoude en relevante religieuse strukture wat aangewend kan word om die genoemde doelessensies te aktiveer en tot

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



lewe te wek. Vir die Christen is die bron van opvoedingslewe die Woord van God. Ook die Belydenisskrifte (en formuliere) is gegrond in die Woord en ontleen daaraan hul gesag.[79] Elke menslike woord en begrip is ontoereikend t.o.v. die Woord van God as Sy openbaring aan die mens wat kan lei tot nadenke oor dié gedagtes wat God vir die mens voorgedink het.[80] Die Woord van God bevat dan riglyne vir alle wetenskappe,[81] ook vir die Pedagogiekaanwending en daarom is hier sprake van 'n ná-wetenskaplike gerigtheid op die Woord en di Evangelie soos dit kernagtig ook saamgevat is in die Nagmaalsformulier ná die instelling daarvan deur Jesus Christus in die nag waarin Hy verraai is.[82] Hierdie Nagmaalsessensies is vir die Christen-Protestant aanwendbaar in die verlewendiging van die universele doelessensies.

2.4 Sinvolheid van Bestaan : Nagmaalsformulier-inhoude.

2.4.1 Inhoude wat betrekking het op die sin van die lewe:

Die volwassene is bewus van die sin van sy lewe en van die lewenseise en besef dat hy bevraagde is en opgeroep word deur 'n verantwoordbare lewe te voer. Die jeugdige as Verbondskind en nog-nie volwassene het nog steun, leiding en begeleiding van sy ouers (soos in die Doopbelofte vereis), van die onderwysende-opvoeders (as plaasvervangende ouers) en van die Kerk nodig om tot besef van die sinvolheid van sy bestaan te kom.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Volgens die <u>algemene</u> genade van God is opvoeding 'n algemeen menslike moontlikheid maar om die mens te verlos uit sy sonde is geen opvoeding nie maar die <u>besondere</u> genade van God, maar dit sluit die verantwoordelikheid, aktiwiteit, inspanning en stryd van sowel die opvoeder as die opvoedeling egter nie uit nie.

2.4.1.1 <u>Geloof</u>:

Die ouer, skool en kerk skep die moontlikheid tot persoonlike geloofsaanvaarding maar die <u>omkering</u> van die kind na God, d.i. die intree met die inset van Sy hele persoonwees in 'n positiewe relasie tot Hom, kan alleen geskied deur eie beslissing, <u>geloof</u> en met die besondere genade van God.[83] Daarom word die jeugdige gedurende die kategetiese-onderrig duidelik bewus gemaak daarvan dat hy "aangesprokene is, dat God 'n appél tot hom rig",[84] om die wan-relasie tussen mens en God wat deur die sondeval ontstaan het te herstel. Die mens is as sinskender altyd skuldenaar vanweë sy betrokkenheid by die sondeskuld as oerskuld.[85]

Die Nagmaalsformulier spreek duidelik uit hoe die sonde God mishaag en Hy dit dus nie ongestraf kon laat nie. "Want die gebod van die lewe wat hy ontvang het, het hy oortree en homself van God, wat sy ware lewe was, deur die sonde afgeskei en sy ganse natuur verderwe".[86]

Soos God die mens nie neutraal geskep het nie maar met die moontlikheid tot beslissing, staan

Hy ook ten opsigte van die sonde nie neutraal nie maar seën hom wat die weg van die ewige lewe kies en verdoem die mens wat die "lewe" sonder Hom kies.

Die volle straf van die sonde is die dood. Die mens kan nie buite God outentiek lewe nie. Hy wat buite-God-wil-staan, in hom regeer die dood want hy tas die Eer van God aan. Selfs Sy Seun Jesus Christus het aan die kruis uitgeroep: "My God, My God, waarom het U my verlaat?" asof Hy te kenne wou gee ..."Ek kan tog nie lewe sonder U nie!" Die dood is verbreking, verstoring van die deur God gelegde bande. Die sonde baar die dood - dit is die "natuurlike" vrug van die sonde. Dood in sy volle omvang is verlaat-te-wees van God, om deur die Vader buitegestoot en verban te word. Om nie meer ingestel te wees op God as die Lewensbron nie, is die ewige dood.[87]

Om gemeenskap met God te hê en Hom te ken, is Lewe - dit verkry die mens juis deur die smadelike dood van Christus aan die kruis. Die skeppingsband tussen God en mens kan nooit deurgesny word nie want dan versink die skepsel in die niet en God kan Homself of Sy eie skepping nie verloor of prys gee nie. Daarom bewerk die stroom van God óf lewe, krag en openbaring óf ... die dood.

Die tydelike dood is die verbreking van liggaam en siel by afsterwe. "Stof is jy en tot stof sal jy terugkeer". Daar is ook sprake van die geestelike dood wanneer daar geen gemeenskap

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



meer tussen God en mens hier op aarde bestaan nie. Die "lewe" is dan 'n gestadigde dood. Uit hierdie geestelike dood kan die mens nog verlos word.

Die volle, nie-meer getemperde straf op die sonde, is die ewige dood. Uit die ewige dood spreek slegs die ewige verdoemenis, die ewige wegsink in die moeras, sonder ruspunt en houvas, verlate van God.[88]

2.4.1.2 Berou .......

Die voornemende lidmaat moet dus gelei word tot bewuswording van die straf van die sonde, sodat deur die genade van die Heilige Gees hy berou kan hê oor gebreke en van harte begeer om teen die ongeloof te stry (Nagmaalsformulier), maar moet verder ook gelei word tot 'n sinvolle antwoord op die wesenlike vrae na die oorsprong, wese en werking van die sonde. (Sien Hoofstuk 3).

2.4.1.3 Oordink waartoe......

Maar die voorbereidende en belydende lidmaat moet ook oordink waartoe die Nagmaal ingestel is en die sakrament sien as genademiddel wat die mens wek van die geestelike dood na die lewe. "Hy wat glo, het die ewige lewe".[89] Die Nagmaalsformulier eis dat die lidmaat sy hart ondersoek of hy die gewisse belofte glo dat al sy sondes hom alleen ter wille van die lyding en sterwe van Jesus Christus vergewe is, so volkome asof hy self in eie persoon vir al sy sondes betaal en alle geregtigheid volbring het.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



"Zonde, ellende en dood zijn feiten, wier bestaan door niemand kan worden ontkend, en die daarom bij alle menschen in zwakker of sterker mate een behoefte wekken aan versoening en verlossing. Niet minder dan de kennis der ellende, is het verlangen naar redding aan alle menschen gemeen. Zelf zijn zij in meerder of minder mate ook allen zich bewust, dat de verlossing moet komen van boven."[90]

Teenoor die sonde waarin die mens die duisternis liewer het as die lig staan die wonder van genade en heiliging, die oorgaan van die dood na die lewe waarin die sonde afgekoop en betaal is (Joh. 3:19).[91] As Christus vir die mens gesterf het, hoekom is dit dat hy ook moet sterwe? Die mense se dood is geen betaling vir sy sondes nie, maar alleen 'n afsterwing van die sondes en 'n deurgang tot die lewe, soos die Nagmaalsformulier ook verkondig.[92]

In die Nagmaalsformulier en deur die Heilige Skrif tree die genade van God in volle rykdom en heerlikheid die mens tegemoet. So word die jeugdige tydens die kategetiese onderrig verseker van die genade van God, aangeroep en gekonfronteer met die Woord, die belydenisskrifte en formuliere. Die aanhoor van die Woord (versterk deur die Sakrament) vereis 'n korresponderende geloofshouding as luisterhouding, wat behoort te lei tot oorgawe aan en persoonlike ontmoeting met God in Jesus Christus.[93]

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Geloof in die gekruisigde Heiland, verlossing en regverdiging wat alleen deur die besondere genade van God deur die Heilige Gees in die hart gewerk kan word, moet die belydenis van geloof vóóraf-gaan. Dit word telkens weer versterk deur die Woord as bron van opvoedingslewe en ook deur die gebruik van die sakramente. Geloof is die ja van die mens teenoor God en Sy Woord, die mens se amen op Sy beloftes, die mens se oorgawe aan Sy liefde.[94] So moet die mens telkens ook die gewete ondersoek of hy ook gesind is om met sy ganse lewe ware

2.4.1.4 dankbaarheid jeens God die Here te bewys en 'n ernstige voorneme het om in die toekoms in waar-agtige liefde en eensgesindheid met Sy naaste te lewe, verlos en geregverdig in Jesus Christus.

Die Nagmaalsformulier wat dan as genademiddel die mens van die geestelike dood na die "lewe" wek, dwing dan ook die ernstige Christen-Protestantse lidmaat om verder uit die bronne van opvoedings-lewe (die Heilige Skrif, Belydenisskrifte, formuliere en werke van Christen-Protestantse teoloë) deeglik kennis te neem van die inhoudelike relevante religieuse strukture van Versoening, Genade, Geloof, Geregtigheid en Regverdigmaking.

2.4.2. Relevante religieuse strukture:

2.4.2.1 Versoening:

As uitkoms van die wesenlike realiteit van die sonde waardeur die verhouding tussen mens en God versteur is en die mens hom afwend van God, was hy

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



blootgestel aan die toorn van God.[95] Eerder as om die sonde ongestraf te laat, het Hy dit aan Sy Seun Jesus Christus met die bittere en smadelike dood van die kruis gestraf, (Nagmaalsformulier) waardeur Hý as die enigste ware en regverdige mens,[96] vir menslike sonde betaal en die mens se enige Middelaar en Saligmaker geword het. Die werklikheid van die kruis dui op God se vergewing en is gerig op die heiliging, die volle gemeenskap met Hom, op die kindskap onder Sy septer, op die onberispelikheid van hulle wat die Lam volg. Hoe diep en ver die realiteit van die vergewing strek word raakgesien as die <u>sin van die menslike bestaan</u> weer ten volle sigbaar word deur sy regverdiging en heiliging.[97]

2.4.2.2 <u>Genade</u>:

a. <u>Die Algemene genade</u>:

Omdat die Gereformeerde volle erns maak met die sonde en die vloek van God daaroor, verkondig hy ook die volkome verdorwenheid van die menslike geslag. Teen die <u>donker</u> van die menslike, deur die sonde verdorwe natuur, skyn die <u>lig</u> van God se genade. <u>Sonde</u> en <u>genade</u> is hier stelling en teenstelling, tese en antitese.

Wat nou van die ongelowige wat goed, waar en skoon lewe? Calvyn noem bogenoemde kenmerke <u>genadegawes</u> van God wat nie uit die mens se verdorwe hart kan opkom nie. Calvyn onderskei ook tussen die <u>besondere</u> en die <u>algemene</u>

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



genade. Laasgenoemde beteuel die sonde, stuit die vernielende en verwoestende krag van die sonde, rig die mens weer na God, rig die vervalle mens weer op, maar verander nie die hart van die mens nie. Die besondere genade verander die hart, vernuwe dit van binne en berei die mens voor vir die ewige lewe.

Ook die algemene genade kom uit die goedheid van God waardeur o.a. die oorspronklike skeppingsmoontlikhede van die mens, nog in die sondige wêreld, tot ontplooiing kan kom. Hierdie algemene genade is die werk van die Heilige Gees en het betrekking op die individuele mens, die mensheid as geheel en die natuur.[98]

Hierdie algemene genade is egter geen algemene versoening nie alhoewel die soendood van Christus die geleentheid aan elkeen bied "dat sy sondes hom om Christus ontwil vergewe is".[99]

b. Die Genadeverbond

i. Die werkverbond:

Volgens Bavinck moet onderskei word tussen "voor die val opgerichte verbond (die werkverbond) en door den val verbroken foedus operum".[100] In die werkverbond "kwam God toch tot den mensch met den eisch der gehoorzaamheid en beloofde Hij hem, eers na die volbrachte gehoorzaamheid, de zaligheid des hemels, het eeuwige leven, de

genieting zijner aanschouwing te schenken". "God houdt zich aan den regel, dat wie de wet onderhoudt, het eeuwige leven ontvangen zal".[101] Maar die mens het die wet verbreek en uit die werke van die wet kan die vlees nie geregverdig word nie. Die mens het geval maar het mens gebly.[102]

In Sy besondere wysheid en goedheid wend God Hom direk na die sondeval na die gevalle mens (toe hy al bewende van Hom weggevlug het)[103] om die gemeenskap met hom te herstel en om die Verbond van Sy genade te openbaar. Langs die historiese weg word hierdie verbond weer met Abraham en (by Sinai) met Israel en in al die geslagte van die aarde, herbevestig. God rig Hom tot die mens in sy ganse bestaan, omvat sy lewe in al sy relasies, herskep wat Hy gemaak het, bring die nuwe mensheid voor en red uit dood en vervloeking[104] deur:

ii. Die Evangeliese verbond:

"Maar dit heeft Hij opgericht niet met een, die enkel mensch was, doch met den mensch Christus Jesus, die zijn eigen, eengeboren, veelgeliefde Zoon was."[105] Nie die werke van die mens nie en ook nie die onderhou van die wet nie kan dié verbond bevestig nie maar slegs die genade en glorie van Vader, Seun en Heilige Gees is ter sprake.[106] Christus is die "weg des verbonds".[107]

Hieruit blyk duidelik:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



I. Christus is die inhoud van die belofte dat God Sy Seun sou gee om die mens geluksalig te maak.[108] Hy is die Middelaar van die verbond.[109] Sy liggaam en bloed sou die vergewing van sondes te weeg bring en die skuld versoen tussen God en volk[110], soos dit telkens herbevestig word by elke Nagmaalsviering by die breek van die brood (Neem, eet, gedenk en glo dat die liggaam van onse Here Jesus Christus gebreek is tot volkome versoening van al ons sondes), en die aangee van die beker (Neem, drink almal daaruit, gedenk en glo dat die **dierbare** bloed van onse Here Jesus Christus vergiet is tot volkome versoening van al ons sondes). Só vervul Christus die Ou Testamentiese **belofte.**[111]

Hy het Sy goedheid en barmhartigheid uitgestort oor hulle wat skuldig en doemwaardig was. Hy het Sy Seun in die dood gegee as 'n allervolmaakste liefde en Hom opgewek tot die mens se regverdigmaking sodat die mens deur Hom die onsterflikheid en die ewige lewe sou hê .... want daar staan geskrywe dat die straf wat die vrede aanbring, op die Seun van God was en dat deur Sy wonde daar genesing gekom het.[112] "Alles word vervuld, is voldragen, bereikt sy wasdom en brengt nu uit het tijdelike omhulsel de eeuwige kern te voorschijn."[113]

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



II. Vergewing van sonde is genade.

Die wesenlike van die verbond is dat uit God besondere genade voortvloei en "niets dan genade, onverdiende verbeurde seëninge tot inhoud het".[114] Genade is soos sonde, 'n religieuse kategorie. As God die mens sy sonde toegereken het was hy vir ewig verlore. As God die mens aan homself en sy eie-willigheid oorgelaat het was hy ook ewig verlore, maar dit is God se genade dat Hy tot die mens gekom het, die kloof oorbrug het, met die mens solidêr geword het in sy skuld, sy sonde gedra het, die offer gebring het, en die sonde daarmee versoen en wegwas. Genade gee aan die mens 'n nuwe benaming. Hy noem die sondaar kind van God, Sý kind deur Christus. Wat is dan genade? Volgens die Protestantheid is dit 'n daad, Woord, verklaring, belofte, uitgespreek "buiten de mens, voor de mens", gespreek in Christus, gehoor en in geloof aanvaar deur die sondaar.[115]

III. Die troos, die krag en die heerlikheid van die Verbond is vir hulle wat die belofte ontvang in die geloof. Paulus wys daarop dat die mens deur die geloof alleen sonder die werke geregverdig word uit genade. Daarom verneder die mens hom voor Jesus Christus, bely sy sonde en glo in die gekruisigde Christus as genoegsaam om al sy ongeregtigheid te bedek.[116]

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom .. Hy wat die gewisse belofte van God glo ... 'is volkome geregtig .. asof hy self in eie persoon vir al sy sondes betaal het (Nagmaalsformulier).

IV. Verlossing:

Deur die geloof word die Verbond dan die sterkte van die lewe, die sekerheid van die toekoms en die enigste troos in lewe en sterwe want daardeur word die mens verseker van Sy ewige trou, leer hy God ken; word hy gesterk tot volharding, hou Hy Sy kerk in stand. Daarom is die lof van die verloste gemeente die lof van Sy verbond: "Hy wat julle roep is getrou: Hy sal dit ook doen" (1 Thes.5:24). Die verloste sal ook voortaan met sy ganse lewe ware dankbaarheid jeens God bewys.

Die raad wat voortkom uit die liefde van God tot die uitverkorenes sal voortaan vervul word, sodat die uitverkorenes op die regte tyd byeen sal wees, gegrondves op die bloed van Christus. En hulle moet Hom as hul Saligmaker wat, as 'n bruidegom vir Sy bruid, Sy lewe aan die kruis vir hulle gegee het, standvastig bemin, met volharding dien en hier en in alle ewigheid verheerlik.[117]

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



2.4.2.3 Geregtigheid

Dit is nodig om die begrip geregtigheid duidelik te omskryf voordat 'n mens by die begrip regverdiging of regverdigmaking kom wat direk daarmee in verband staan.

a. Uit die Ou Testament blyk dat die Geregtigheid van God alleen ter sprake is:

1. Geregtigheid of regverdigheid is 'n juridiese begrip en impliseer dat reg sal geskied aan dié wat verontreg is.
2. Ps. 7:12 noem God 'n regverdige regter wat kragtig optree as Sy volk onreg ondervind en sonder aansien van die persoon oordeel.
3. Israel ondervind geregtigheid as Hy Sy beloftes teenoor hulle nakom.
4. God se geregtigheid is hier 'n aktiewe begrip wat bepaal word uit die geheel van Sy dade in die verlede, hede en toekoms.
5. In die Ou Testament word dit gesien beide uit dade wat Sy volk verlos van vyande, as uit straf en bestraffing van Sy eie volk.
6. Die regverdiges in Israel is hulle wat Jehova eer en lief het.
7. God is regverdig omdat Hy Sy volk gee wat Hy beloof.
8. Na die Messias word uitgesien as die beloofde Koning wat reg aan die verdruktes sal laat geskied en aan die regverdiges gee wat hulle toekom.

   Hy beliggaam die geregtigheid van Jehova.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



b. Uit die Nuwe Testament blyk (soos ook uit die Nagmaalsformulier):

1. Dat die woorde regverdigheid en regverdig vir God en mens gebruik word. God se geregtigheid word min maar in betekenisvolle verband genoem veral in sleutelteksе (bv. in Romeine) en gaan om die openbaring van God se geregtigheid in Jesus as Messias en in Sy reddende handelinge om die sondaar te verlos van sy verval en magte van die dood. Elke sondaar wat in geloof verlos word, sal Sy regverdigheid ervaar in die plaasvervangende lyde en sterwe van Christus wat telkens by die Nagmaalsviering herdenk word.

2. God se regverdiging of regverdigmaking is dan die vryspreek van die sonde om Christus se ontwil en hierin is die skuld voldaan. In die vryspraak toon God Sy geregtigheid en het Hy die mens geregverdig.[118]

c. Geregtigheid by die mens

Terwyl die wet die mens vanweë die sonde veroordeel en hom nooit tot saligheid kan lei nie, het dit God behaag om Sy geregtigheid op 'n ander wyse nl. sonder die wet tot openbaring te bring (Rom. 3:21) want uit die werke van die wet kan niemand regverdig word nie (Rom. 3:19). Hy doen dit deur in Christus se gebroke liggaam en vergote bloed 'n soenoffer vir sonde te gee. Hieruit blyk dat God self regverdig is, maar hierdeur word dit ook vir

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hom moontlik om in ooreenstemming met Sy geregtigheid te regverdig dié wat uit die geloof in Jesus is. Die geregtigheid van God en mens verskil dan daarin dat die geregtigheid van die mens buite homself in Christus is en deur die geloof sy eie gemaak is (Luther, Calvyn, Kant, Phillipi, Fritzche).[119] Geregtigheid is dus die gesindheid by die mens wat in ooreenstemming met die wil van God leef. In Matt. 5:20 eis Jesus van die kind van die Koninkryk 'n oorvloediger geregtigheid as van die Fariseër. Hierdie geregtigheid moet blyk uit die gesindheid:

i. teenoor God: Dit moet voortvloei uit gehoorsaamheid aan die geestelike betekenis van die Wet, en die formulier, soos Hy dit bedoel het; 'n geregtigheid wat nie vir die mens voorgehou word as weg tot bereiking van saligheid nie - maar bloot as goeie werke uit dankbaarheid van hulle wat deur die Here tot saligheid gelei is en nou uit dankbaarheid opreg voor God wil wandel en van harte begeer om teen die ongeloof te stry en volgens die wil en gebooie van God te lewe (Nagmaalsformulier). Oortreding geskied diep in die hart en lê in die gesindheid of sondige gedagtes. Die gelowige het deur die genade van die Heilige Gees berou oor sulke gebreke. "Salig is hulle wat rein van hart is" (Matt. 5:8). Die gebooie is gerig op meer as wat tot uiting kom in dade maar het

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



betrekking op die gesindheid teenoor God en ook

ii. <u>teenoor die medemens</u>. Die verhouding tot die naaste word bepaal deur die verhouding tot God en lei dikwels tot opoffering, selfverloëning en kruisiging van die "eie-ek" omdat die mens sy naaste moet liefhê soos homself.[120] Hy moet dus ook vasstel of hy sonder enige geveinsdheid van harte alle vyandskap, haat en nyd wil aflê, en 'n ernstige voorneme het om van nou af in waaragtige liefde en eensgesindheid met sy naaste te lewe (Nagmaalsformulier).

2.4.2.4 <u>Regverdigmaking (regverdiging)</u>

Geregtigheid by die mens kom uit regverdiging deur God. Die wedergeboorte wat in die vrugte van die geloof en bekering tot openbaring kom, ontsluit en verleen toegang tot die koninkryk van God met al Sy skatte en weldade. Een van die betekenisvolste weldade is die moontlikheid om <u>regverdig</u> te staan voor God "sodat ons tot God geneem en nimmermeer deur Hom verlaat sou word nie; en het eindelik met Sy dood en bloedstorting die nuwe en ewige Testament, die verbond van die genade en die versoening bevestig toe Hy gesê het: 'Dit is volbring'" (Nagmaalsformulier). Die regverdigmaking bring geen sedelike verandering te weeg in die mens se bestaanswyse nie, maar gee hom 'n ander status en posisie teenoor God. Vanaf die staat van doemwaardige sondaar wat die tydelike en ewige straf

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



verdien kom hy oor tot die staat van vrygesprokene, begenadigde, ewig met God versoen deur die bloed van Sy Seun en word voortaan nie meer deur die verdoemenis bedreig nie.[121]

Sy skuld is betaal, die geregtigheid vir hom geheel volbring. Dit geld immers 'n regterlike uitspraak wat God nooit sal herroep en wat niemand kan vernietig nie - dus tot in ewigheid Sy krag en geldigheid sal behou.[122]

Regverdiging is 'n onverdiende weldaad van God en geskied uit louter genade. Dit sluit nie alleen die vergewing van sonde in nie, maar gee tergerlykertyd die reg op die ewige lewe deur die opstanding van Jesus Christus. Rom. 8:24, "Christus is dit wat gesterwe het, ja, meer as dit, ook opgewek is"...

Die enigste grond vir die mens se regverdiging lê buite homself in die volkome werk van die Heiland en Verlosser[123] soos telkens herbevestig word by die gebruik van die Heilige Nagmaal. Só kan die goeie werke nie die geregtigheid van God of selfs 'n deel daarvan wees nie, omdat die geregtigheid heeltemal en in alle dele gelykvormig moet wees aan die wet van God en verder dat selfs ook die beste werke in hierdie lewe almal onvolkome en met sonde besmet is.[124]

Ook Van Niftrik spreek hom soos volg uit oor die regverdigmaking: Vergewing van sonde deur God is genade en is reg, die regverdiging van die

goddelose deur God se vryspraak geskied na regte. Sy geregtigheid word die mens "toegereken", die mens word vrygespreek deur 'n "vreemde" geregtigheid - God se geregtigheid. Hierdie "toerekening" van die geregtigheid van Christus is 'n juridiese omskrywing van die geestelike vereniging met Hom. Die mens word in en deur die geloof ingeskakel in Christus.

Dié heilgeheim word aan die mens deur die Heilige Gees geopenbaar: dit is die vergewing van sondes - dit is die regverdiging deur die geloof - dit is die "toerekening" van die geregtigheid van Christus - dit is God se heilige en genadigde regspraak waardeur ons die lewe vind.[125] Deur die geloof word die nuwe mens volkome geregverdig en geheilig "asof ek nooit sonde gehad of gedoen het nie, ja, asof ek self alle gehoorsaamheid volbring het wat Christus vir my volbring het".[126] Hierdie is troos vir die verskrikte gewete (Melanchton) omdat aan die mens hier volkome sekerheid gebied word, sekerheid wat nie berus op menslike prestasies nie, maar alléén en uitsluitlik in God. Die Hervormers noem dit geloofsekerheid.

Nadruklik word die werke van die mens uitgeskakel: die mens word alleen deur die geloof geregverdig sonder die werke van die Wet! Buite die mens self, in Jesus Christus, is alles volbring op Golgota. God het dit gedoen, eenmalig en volledig; dit is die mens se troos in lewe en in sterwe![127]

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die eiegeregtige wat uit die werke geregverdig wil word, glo nie die Woord van God nie, regverdig God nie maar maak Hom tot leuenaar. Hy verneder homself nie en erken nie dat hy sondig is nie, hy soek nie regverdiging en verlang nie na geregtigheid nie maar glo dat hy dit reeds besit.[128]

Wat het die mens nodig? Slegs geloof gewek deur die Heilige Gees. Wat is geloof? "Niets anders dan ootmoedig God gelijk geven, aanvaarden wat God zegt in Zijn genade".[129]

Die geloof sluit dus twee aspekte in: geloof dat die mens sondaar is en geloof dat die mens uit genade deur Christus geregverdig is. Albei neem die mens aan op gesag van God se Woord en nie uit die Wet nie maar die waaragtige geloof en geregtigheid wat God aan die mens skenk word uit kennis van die Wet en uit die Evangelie en belydenis van sonde gebore.[130]

Die gelowige mag in beginsel aanvaar dat hy geregverdig is maar die geregtigheid wat hy besit is enkel en alleen aan die genade van God te danke. Hierdie geregtigheid is voortaan nie die grond waarop hy steun nie. By die aanvang en in die voortgang glo Hy die Woord van sy God nl. dat hy sondaar is en dat sy geregtigheid alleen bestaansreg vind in die geregtigheid van God. So is en bly hy altyd hier op aarde siek en gesond, sondaar en regverdige, skuldig en nie-skuldig.[131] Hierdie opvatting van Luther waarsku dus teen beide valse

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gerustheid en vertwyfeling.[132] Die Nagmaalsformulier noem 'n lang lys van besmetlike sondes maar wil terselfdertyd nie die verslae hart van die gelowige kleinmoedig maak nie asof net die sondelose na die Nagmaal mag gaan asof hulle volkome en geregtig is - die sondaar soek sy lewe juis daar in Christus. Luther maak ook geen skerp skeiding tussen regverdiging en heiliging nie. God se genade is genoeg vanaf die aanvang van sy bekering tot aan die einde van sy lewe.[133] Calvyn plaas die uitverkiesing meer op die voorgrond as Luther en sien regverdigmaking vanuit hierdie perspektief maar verswak daarmee nooit die objektiewe voldoening van Christus of die weldaad van regverdigmaking nie. Hy beklemtoon egter die geregtigheid van Christus as 'n gawe van God minder as dat dit 'n gawe is wat die mens deur geloof moet aanneem; die objektiewe skenking gaan die subjektiewe aanvaarding vooraf. Hierteenoor sien Calvyn egter die nietige geregverdigde mens voor die majesteit en heiligheid van God in verootmoediging "omdat zij in Hem en niet in iets anders zouden roemen".[134] Ook Calvyn sê dat God niemand regverdig wat Hy nie terselfdertyd heilig nie.[135]

As die mens voor die aangesig van God verskyn om homself in Sy heilige wet te spieël, verval hoogmoed en selfvertroue en bly slegs die bede: "Gaan nie na die gereg met u kneg nie, want niemand wat leef, is voor U aangesig regverdig nie" (Ps. 143:2, cf. 130:3). Vir die nietige, skuldige, onreine

mens is daar nou sprake van oordenke waartoe Sy Nagmaal ingestel is en dus van waaragtige gemeenskap met God, saligheid en ewige lewe omdat God uit Sy verhewendheid neergedaal het om die gebroke band weer te herstel, die skuld uit te wis en die deur na die Vaderhart weer ontsluit.[136]

Uit die Heilige Skrif kom dan ook die volgende duidelike uitsprake: (Vir verwysings sien Bavinck, Gereformeerde Dogmatiek IV, p.193).

1. Die geregtigheid van God waaruit Hy vryspreek, is objektief in die Evangelie, sonder werke van die wet en vóór openbaring van geloof.
2. Die geloof word nooit as grond vir regverdiging voorgestel nie.
3. Die geloof is geen werk, maar afstand doen van werk, 'n onbepaalde geloof in dié God wat lewend maak.
4. Indien die geloof self grond vir regverdigmaking sou wees, sal God met 'n mindere geregtigheid as wat Hy in Sy wet eis, tevrede moes wees. Die Evangelie bevestig dan nie die wet nie (Rom. 3:31), maar vernietig dan die wet. So doen God dan afstand van Sy eie geregtigheid en verloën Homself. Die toestand is onuithoubaar en neem die troos vir die gelowige weg. Want vir 'n waaragtige Christelike lewe in diens van God moet die vrees vir God as regter in die bewussyn omgesit word in Vaderlike liefde voordat daar van waarlik goeie werke (uit dankbaarheid) sprake

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sal wees.[137]

As die regverdigmaking, die vrede met God, die kindskap, die vrymoedige toegang tot die genadetroon, die vryheid van die wet en die onafhanklikheid van die wêreld aan die mens geskenk is, dan vloei uit die geloof die goeie werke vanself voort. Hiermee word nie die ewige lewe verwerf nie, maar dien as openbaring, bewys en seël van die ewige lewe wat elke gelowige alreeds besit. Hierdie geloof sluit die sekerheid in dat by God alle dinge moontlik is, die dode lewend gemaak word en Sy kinders tot besondere handelinge in staat gestel word.[138]

2.4.3 Samevattend:

Die Nagmaalsformulierinhoude en relevante religieuse strukture wat daaruit uitgelig en beskryf is kan nou in 'n sintese geïntegreer word om die sinvolheid van bestaan as latentlewende pedagogiese doelessensie te laat syn, dit in die volheid teenwoordig te stel, te laat gebeur en te verwerklik in die lewe van die Protestantse Christen sodat dit invloed kan uitoefen op, en die beste in die mens laat ontwaak om aktief te voorskyn te tree as "nuwe" lewenswyse vanweë dankbaarheid. Hier is sprake van voortgang en deurbraak ook van 'n besef van die sinvolheid van menslike bestaan as 'n gerig-wees op 'n aardse en ewige bestemming. Sodoende word die Protestantse Christen-opvoeder dan ook daartoe gesteun om die sinvolheid van 'n Christelike bestaanswyse aan sy opvoedelinge voor te lewe en uit te lê.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 2.5 SINTESE:

### 2.5.1 Inleiding:

In die vorige paragraaf is in vooruitsig gestel dat die doelstruktuur, sinvolheid-van-bestaan lewensvatbaar is, dus oor latente lewendigheid beskik wat van lewe-wekkende Nagmaalsformulier-inhoude voorsien gaan word om dit as 'n lewende doelstruktuur te laat syn, d.w.s. in die volheid daarvan teenwoordig te stel in pedagogiese situasies om dit daar te verwerklik, te laat gebeur en te voorskyn te laat tree as eg waardevol.

Eg waardevol veronderstel 'n keuse vir besondere pedagogiese essensies wat deur die pedagogieker se lewensopvatting as waardevol geag word om werklik lewend gemaak te word. So 'n lewensvatbare pedagogiese doelstruktuur is sinvolheid-van-bestaan ontvanklik vir lewe-van-weë-keuse omdat (soos reeds aangetoon) verlewendigde sinvolheid-van-bestaan alleen verwerklik kan word deur 'n besondere stellingname vir die lewensopvatlike soos dit o.a. duidelik verwoord is in Nagmaalsessensies.

Alvorens daar oorgegaan word om vanuit die perspektief-metode en langs die weg van die dialektiese triade die doelstruktuur te beskryf moet eers kortliks aangetoon word waarom die vraag na die sin van die lewe veral vir die mens in die twintigste eeu aktueel en waardevol geword het.

### 2.5.2 Sinvolheid-van-bestaan as waardevolle pedagogiese doelstruktuur:

In paragraaf 2.3 is daarop gewys dat die volwasse mens bewus is van die sinvolheid van sy bestaan,

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



bewus is van die lewenseise en besef dat hy bevraagde is en opgeroep word tot antwoord om rekenskap van sy deelname te gee deur 'n verantwoordbare lewe te voer.

Vir die mens, ook die jeugdige, van die twintigste eeu het hierdie vraag na die sin van die lewe, na veiligheid en geborgenheid, na die laaste werklikhede van angs, skuld en dood aktueel geword. Ná die absolute idealisme van Hegel wat gekenmerk was deur selfversekerheid en vertroue in die menslike rede en vermoëns het die situasie in die twintigste eeu vanweë die kumalatiewe werking van allerlei invloede verander na dié van angs en vertwyfeling. Van Peursen sê, "Over dit alles ging die storm van die twintigste eeu. De broze toekomst-idyllen van de voorafgaande eeuwen werden vergruizeld. Oorlogen, uiteengeslagen verbanden, zedeloosheid en epidemieën bedreiging de sameleving, en ondergroeven het zelfvertrouwen van de mens".

Waar die ideële realiteit belangriker geword het as die eksisterende mens self, word verset uitgelok omdat dit onverskillig staan teenoor die inspanning, strewe en verwagtings van die eksisterende mens en die ernstige konkrete probleme van menslike bestaan. Hierby het ook die besef aangebreek van die onmag en eindigheid van die mens. Selfontvlugting het onmoontlik geword. Die mens het begin om persoonlik die laaste werklikhede van angs, skuld en dood te bevra.[140]

Die mens is as sinskender altyd skuldenaar vanweë sy betrokkenheid by die sondeskuld as oerskuld.[141] Daarom is die vraag na die oorsprong, wese, werking en straf van die sonde vrae wat die mens, maar veral die jeugdige in die voor-volwassenheidstydperk alleen met sy volledige bestaan of totale eksistensie moet deurworstel (Kierkegaard as Christelike eksistensiële denker). Hy mag nie toeskouer wees op 'n afstand nie, maar moet waag en handel en as enkeling teenoor die Transedente gestel word om waarlik as mens te eksisteer. Hy moet wakker geskud word tot ware menslike bestaan; hy moet opgeroep word tot 'n lewe van konflik en stryd waarin hy met moed en durf sy persoonlike probleme onder die oë sal sien en sal lewe, dink en handel vanuit sy besondere situasie.[142] Hy sal die sin van sy lewe met behulp van die volwasse opvoeder moet ont-dek en sy eie maak. Om die besef by hom te laat funksioneer, verwerklik en deurbreek kan daar tydens die kategetiese onderrig sowel as by voorbereiding en viering van die Heilige Nagmaal, gebruik gemaak word van die lewegewende inhoude van die Nagmaalsformulier.

2.5.3 Die dialektiese triade: Sinvolheid-van-bestaan/Nagmaalsformulier-essensies/Sinvolheid van 'n Christelike Protestantse bestaanswyse

| Eerste synswyse | Tweede synswyse | Geïntegreerde synswyse |
|---|---|---|
| Sinvolheid-van-bestaan | Nagmaalsformulier-essensies | Sinvolheid van 'n Christelike Protestantse bestaanswyse |

2.5.3.1 Die beweging:

Sinvolheid-van-bestaan na Nagmaalsformulieressensies:

By die beskrywing en uitleg van die doelstruktuur sinvolheid-van-bestaan is gewys op die werklik essensiële van hierdie synswyse as die mens se bewus-wees-van-lewenseise, besef-van-bevraagdheid, opgeroep-word-tot-antwoord, voer-van-verantwoordbare-lewe en rekenskap-tot-deelname. In die laaste instansie het alle uitsprake verwys na die herkoms en bestemming van die mens wat verder strek as die empiries-waarneembare, wat gegrond is in die lewensopvatlike, in kragte en magte wat verder strek as wetenskap en kennis, of in geloofs-vertroue en oortuiginge wat bó-wetenskaplik is. Dit dui dus op doelessensies wat sluimerend-funksionerend maar in-staat-tot-funksionering is, ook op verborge-beweging wat kan oorgaan in moontlikheid-tot-beweging van Nagmaalsessensies. Die sluimerend-funksionerende sinvolheid-van-bestaan is moontlikheidsvoorwaarde vir en in staat tot funksionering en tot beweging na die tweede synswyse waardeur die nagmaalsessensies verwerklik word sodat die Christen-Protestantse mens, as bevraagde, geroep en aangespreek word tot gehoorsaamheid deur na te dink oor sy sondes, sy hart te ondersoek om vas te stel of hy waarlik glo dat hy in die kruis-dood van Jesus Christus volkome geregverdig is.

Kierkegaard sien die mens hier as enkeling teenoor God. God het self in die geskiedenis enkeling geword. As Christus was God incognito, selfs as

die lydende Christus aan die Kruis (wat deur brood en wyn by die Nagmaal versimboliseer en be-teken word). As enkeling moet die mens dus die bo-redelike sprong in die geloof waag, d.w.s deur te handel in die geloof-situasie om in 'n positiewe verhouding tot God te kom en die sin van sy bestaan te herstel.[143]

Maar die Nagmaalsessensies dui verder op die onder-soek van die gewete na die gesindheid van ware dankbaarheid teenoor God soos weerspieël in die daaglikse wandel voor Sy aangesig; na die berou oor sondes, gebreke en die onvolkome geloof, waarvan ons lewens getuig; om te oordink waartoe die Nagmaal ingestel is en of hy vas kan glo dat hy deur Sy volkome offerande die ewige lewe deelagtig kan word.

Hierdie besondere Nagmaalessensies intensiveer nou ook dié doelstruktuur, laat dit in sy volheid syn, maak dit eg waardevol, laat dit aktief invloed uitoefen en verwerklik dit deur die lewensop-vatlike, die religie en die besef van hoër Gesag as Singewer en die Bron van alle Sin. Die volwasse mens as deemoedige mens weet dat hy skuldig staan, weet dat hy as bevraagde selde antwoord soos dit behoort te wees, maar gaan in geloofsvertroue voort met sy lewenstaak, glo dat sy bydrae sinvol is, neem sy aandeel aan sinontvouing moedig op hom omdat hy in die laaste instansie leef vanuit 'n religieuse grondhouding.[144]

Volgens Perquin is die adolessent veral daartoe by magte om mense te begryp, te aanvaar en in 'n diep

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



geestelike verhouding tot die Transedente te kom. Ook ontdek hy die waarde van die ander, eerbiedig hul wyse van persoonwees, beoordeel die mens na die moontlikheid van sy mens-syn en kan hy kom tot 'n sintese tussen selfstandigheid en oorgawe deur die liefde. In die kennis van God en die oorgawe aan Hom kom die vervulling (en sin) van sy lewe.[145]

Landman skryf oor die voor-volwasse religieuse in-die-wêreld-wees dat religie vir die mens daardie geheel van oortuiginge is wat hom antwoord gee op die vraag na die sin van die lewe, van die wêreld-gebeure en die wêreld-syn. Waar evidensie-belewing van gevoelsmatige aard is en waar gegewens van nie-rasionele aard bewus aanvaar word as integrerende dele van die geheel, kan van religie gepraat word. Die religie lei tot singewing vanuit nie-menslike uitgedinkte of uitdinkbare bronne van kennis en word beleef as singewing waaruit handelinge móét voortvloei. (Religiositeit en sedelikheid gaan dus saam).[146]

Die voor-volwassene is ook bevraagde, hy hoor die aanroep tot Da-sein en streef na die volkomenheid van outentieke geluk in óf die Onvoorwaardelike, óf die Absolute, óf die Goddelike, óf God. Elke aanroep en elke aanspraak (hy is bewus van die lewens-eise) is gedeeltelike vervulling van 'n oneindige vervulling vanweë die verwerkliking van sy menslike moontlikheid tot die religieuse as 'n gerigtheid op eenheid, sinvolheid en geborgenheid. Hierdie verwerkliking

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



impliseer dat hy aan sy menswording werk en kan oorgaan van die een stellingname na die ander totdat hy deur outentieke godsdienstigheid (wat 'n aan spesifieke inhoude gebonde religie met 'n personaal gedinkte Opperwese is) toereikend kan antwoord op sy synsbevraagdheid.[147] Hierdie verwerkliking kan geskied aan die hand van en deur bewus-word-van Nagmaalsessensies tydens kategetiese onderrig. Genoemde essensies kan hierdie gerigtheid as singewing in toenemende mate by die voor-volwassene tot vergestalting bring en hom lei tot strewe na voltooiing, tot vervulling van bestemming ook t.o.v. die ontwerp van sy religiositeit tot outentieke godsdienstigheid.[148]

Daar is by die voor-volwassene 'n hunkering en intense nood na staanplek en vastrapplek in die lewe, na 'n lewensopvatting wat sy vertroue sal steun, wat sy lewe sinvol sal maak. Dis 'n bo-rasionele wete en die Christen-jeugdige waag deur die geloof in die gebroke liggaam en gegote bloed van Jesus Christus na die Bron van alle Lig, Lewe, Liefde en Krag teenoor wie onvoorwaardelike gehoorsaamheid betoon moet word en waardeur hy die outentieke rus vir sy gemoed vind en die <u>lewende</u> sinvolheid van sy bestaan. Daarom is hy behoorlik volwasse wanneer sy opvoeding gelei het tot 'n besef van Iemand wat as Opdraggewer hom roep om deur sy lewe die normbeeld van volwassenheid te vertoon en te lewe (ook voor te lewe aan nie-volwassenes in pedagogiese situasies).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Waar die ontdekking van die pedagogiese doelstrukture wetenskaplike denkarbeid geverg het is die aanwending van relevante Nagmaalsessensies (ten einde lewe te wek) ná-wetenskaplike aangeleentheid.

Uit die voorafgaande blyk nou duidelik dat die eerste synswyse ontoereikend is om uit homself voort te beweeg na dit wat as die derde pool (sintese) nl. Sinvolheid-van-'n-Christelike-Protestantse-bestaanswyse, raakgesien is.

Inteendeel die derde pool moet die uitkoms wees van outenticke sintesering, d.w.s. van 'n werklikheidsgetroue integrasie van twee synswyses wat in sin-samehang tot mekaar staan en waarin albei die vorige synswyses behoue en bewaar bly.

2.5.3.2 Tweede beweging:

Die eerste synswyse sinvolheid-van-bestaan (as doelstruktuur) en die tweede synswyse Nagmaalsessensies (as lewensopvatlike inhoude) gaan nou gelyktydig en gesamentlik oor in die geïntegreerde synswyse nl. Sinvolheid-van-'n-Christelike-Protestantse bestaanswyse. Hierdie gesamentlike beweging is nou 'n voltrekking-van-beweging, 'n laat-funksioneer van 'n lewende doelstruktuur.

So beweer Perquin ook dat die Godsdiens (in hierdie geval die Christelik-Protestantse soos dit saamgevat is en uitgekristalliseer het in die Nagmaalsformulier) ..."geeft aan de volwassenheid haar diepste zin, vang haar op en verleent haar wijding ... as de wezenlijke verhouding van de

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



mens tot God in heel zijn leven. God, de bron en oerbron van alle zijn en waarheid en goedheid en schoonheid ... heeft recht op de totale dienst van de mens. Deze dienst moet onvoorwaardelik zijn ... De mens vindt in Hem alleen de mogelikheid om zinrijk te leven".[149]

Godsdiens gee nie regstreeks op alles 'n antwoord nie, maar staan aan die eindpunt en gee rigting aan die weg en laat speelruimte vir ingryping en begeleiding van die opvoeders (ook in die kategetiese onderrig). Dit rig die mense-lewe (ook van die voor-volwassene) op die eintlike lewensdoel en gee die diepste sinsverklaring daaraan.[150]

God skep deur Sy Woord die wêreld en die wêreld is die uiting van die wese van God. Hy is die grond en die doel van die skepping. Die logos en die telos.

Die geskape wêreld het egter nie net syn nie, maar ook sin en die sinvolheid daarvan grond in die skeppende Woord van God, want God se skeppende werksaamheid kan tog nie doelloos en sinneloos wees nie.[151]

God is die Syn en onafhanklike Skepper; die mens is 'n synde, geskape en afhanklik; die mens as Sy skepsel is daar ('n bevraagde). Menslike bestaan is 'n daar-wees teenoor die Woord en is dus 'n antwoordende bestaan.[152] Hy is geskape om die liefde van God in vryheid te beantwoord met wederliefde. God neem hierdie antwoord van die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



mens ernstig op en reken die konsekwensie daarvan aan hom toe.[153] Hy staan dus in 'n verantwoordelikheidsrelasie tot God.[154] Hy voer 'n antwoordende bestaan in die hede en deur sy antwoord maak hy geskiedenis en word in die tyd vasgestel.[155] In die besonder antwoord hy in die pedagogiese situasies waarby hy betrokke raak.

Deur die opvoedingsbemoeienis kan die opvoedeling in die Christelike leer en lewe opgevoed word en so ontvanklik gemaak word vir die persoonlike antwoord aan die Vader wat hom oproep (by aflegging van Geloofsbelydenis, by elke Nagmaalsviering en in sy daaglikse bestaan), maar die opvoeder kan die kind nie bekeer nie. Sy taak is om te plant en nat te maak. God gee self die wasdom. As wyse van sinsbelewing is die geloofswete vir die Christen net so werklik soos die intuïtiewe wete en vir hom sekerder as die wetenskaplike wete.[156]

Die nie-volwasse Christen-gelowige moet begelei word tot volwassenheid wanneer hy bekwaam sal wees om op 'n verantwoordelike wyse te luister na die gepredikte Woord van God. Dit dui op 'n aktiewe aanhoor-houding, 'n luister- of geloofshouding sodat hy werklik kan verneem hoe die opdrag uit die Woord van God (versterk deur die sakramente) hom aanspreek tot oorgawe en ontmoeting met Jesus Christus, waarna hy dan antwoord op sy aangesprokenheid met verantwoordelike taakverrigting om sodoende dinamies te vorder op die geloofsweg.[157]

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Eers by die wederkoms word aanhoor met aanskoue vervang. (1 Kor. 13:12).

Hier moet egter onderskei word tussen passiewe en aktiewe aanhoor. Aktiewe aanhoor impliseer die onderwerping aan die gehoorde; die gehoor-gawing daarvan.[158] So moet die Nagmaalsganger gehoor gee aan die opdrag om sy hart te ondersoek of hy waarlik glo dat Jesus Christus sy persoonlike Verlosser is, sy Leidsman en Beskermer wat die rigting aan sy lewe gee en hom steun tot voldoening aan die lewenseise.

Die Christen-volwassene se betekeniswêreld vertoon daarom 'n sterk taakkarakter omdat hy as bevraagde sy wêreld as opgawe belewe waarvan en waarmee iets gemaak moet word. Dit word vir hom 'n gewetens-taak.[159] Sy lewe is geen ontspanning nie maar inspanning omdat hy besef dat sy lewe slegs sinvol kan wees wanneer hy positief antwoord op sy geroepenheid deur God. Dit doen hy deur die daad en deur taakverrigting waaruit blyk dat hy Christelike waardes verwerklik tot Eer van God.

Daarom verkeer hy in 'n spanningsveld tussen die situasie waarin hy is en dit wat hy volgens die Woord en die Wet van God behoort te wees.[160] Ook die Nagmaalsformulier noem 'n lang lys van ergelike sondes en vermaan dié wat weet dat hulle aan sulke sondes skuldig is en daarin volhard om hulle van die tafel van die Here te onthou.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Ook die gelowige moet sy gewete ondersoek of hy berou het oor swakhede en gebreke en onvolkome geloof en voortaan deur die genade van die Heilige Gees teen ongeloof sal stry en volgens al die gebooie van God te leef soos hy behoort te lewe.

Die bewussyn van die behoort (ook die bewus-van-lewenseise) by die mens grond juis daarin dat hy as redelik-sedelike wese (status integritatis) deur God geskape is. God gaan met hom om as redelike sedelike sigself-bepalende wese. Hy wil dat die mens "vrij zijn en in vrijheid, gewillig en in liefde Hem diene" (Ps. 110:3)[161]. Hierdie bewussyn van die behoort behou die mens ten spyte van die val van Adam, die eerste mens, aan die begin van die weg waardeur die relasie tot God en tot sy eie inhoud versteur is.[162] God wou Adam "in den weg van gehoorzaamheid het eeuwige leven schenken". Dié een mens oortree, maar één Mens verkry vryspraak.[163] In Christus leer die mens dus ook dié genade ken (status gratiae) waaraan hy telkens met die breek van die brood en die uitdeel van die wyn herinner word; in Hom leer die mens dat LIEFDE die grond en doel van sy bestaan is.[164]

God is Skepper; die mens skepsel.[165] Daar is dus afstand ten spyte van verbintenis maar "God is eindeloos Groot en neerbuigend goed; Hij is Souverein maar ook Vader; Hij is Schepper maar ook Archetype; Hij is één woord de God des Verbonds". Die skepsel besit geen aanspraak, verdienste of geregtigheid voor God nie - alles is

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



genade, "onverdiende recht alleen".[166] Die genade van God dra die religie wat vryheid en liefde is maar geen dwang nie.[167] Vryheid om Hom in geloof te aanvaar. Alleen as God, in Christus, die negatiewe antwoord van die mens vervang met die versoeningswoord van Sy Kruisdood word die relasie met God herstel en word die mens se antwoord 'n verantwoordende bestaan van liefde en diens uit dankbaarheid teenoor God en ook teenoor die naaste.[168] Verlossing heel die breuk tussen is en behoort.

Die dood van Jesus Christus die tweede Mens herstel die relasie van mens tot God (status gratiae) en lei hom kragtens die opstanding en die heiligmaking na die ewige lewe (status gloriae).[169] "Van zijne zijde altyd de gave, van onzen kant altoos en alleen de dank".[170] Hy gee hom die vryheid om te oordink waartoe Sy Seun vir hom gesterf het en waartoe die Nagmaal ingestel is tot Sy gedagtenis. Hy gee hom die vryheid om in gebed en danksegging tot Hom te kom, Hom aan te spreek as sy Vader, in alle nood en dood op Hom te vertrou, om selfs die saligheid en ewige lewe van Hom te verwag.[171] Hy skep hom na Sy beeld en wys hom op sy bevraagdheid, sy taak, sy bestemming[172] en sy geroepenheid deur sy Skepper.

So behoort elke Christen sy deel by te dra tot die geestelike opbou van die gemeente (insluitende die nie-volwasse lede daarvan) wat besondere inspanning vereis waarvoor alle kragte en gawes nodig is. So word dit sigbaar dat hy aan die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



lewe van Christus deel het deur die Gees[173] wat hom daartoe dryf om in dienende liefde te lewe en sy taak in gehoorsaamheid te vervul in antwoord op sy aangesprokenheid en bevraagdheid.

Lewende sinvolheid van bestaan by die Christen-volwassene lê verwortel in sy geloof en is 'n persoonlike aanvaarding en vertrouende oorgawe aan God as Leidsman, Redder en Beskermer van geheel sy lewe en bestaan (met sy totale persoonwees). Die geloof word in sy hart gewerk deur die Heilige Gees (volgens die Nagmaalsformulier) en daardeur kan hy die weldade van openbaring, genade en belofte uit die hand van God aanneem (ook tasbaar deur wyn en brood as sigbare tekens van 'n onsigbare Betekende saak). Dit maak hom tot kind van God, en gee hom vertroue in die sinvolheid van bestaan wat tot aktiwiteit, funksionering en verwerkliking lei en wek by hom lewe en inisiatief om vrugte te dra wat by sy geloof pas en om dit vir ander voor te lewe en uit te lê. So moet die gelowige volwassene besef dat God as Opdraggewer hom ook roep tot dankbare verwerkliking van Christelike waardes en tot vervulling van sy opvoederlike pligte (kragtens die Doopbelofte) om kinders en jeugdiges (m.b.v. Nagmaalessensies) op te voed tot hulle uiteindelik kom tot 'n outentieke geloof in Jesus Christus as Saligmaker, tot outentieke gemoedsrus in die normatiewe geborgenheid van die Protestants-Christelike godsdiens[174] en vervulling van 'n sinvolle aardse bestaan en 'n gerig-wees op 'n ewige bestemming.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## HOOFSTUK 2

**Literatuurverwysings:**


| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1. | LANDMAN, W.A. en ROOS, S.G. | : | Fundamentele Pedagogiek en die Opvoedingswerklikheid, | 125, 219 |
| 2. | OBERHOLZER, C.K. | : | Inleiding in die Prinsipiële Opvoedkunde, | 269 |
| 3. | HEYNS, J.A. | : | "Die Grense van die Teologie". In: Waardes vir die Afrikaner, | 76 |
| 4. | GUNTER, G.F.C. | : | Opvoedingsfilosofieë, | 308 |
| 5. | Ibid. | : | | 308-312 |
| 6. | a. VAN ZYL, P. | | Opvoedkunde Deel I, | 114 |
| | b. LANDMAN, W.A. en ROOS, S.G. | : | a.w., | 9 |
| 7. | Ibid. | : | | 9-11 |
| 8. | OBERHOLZER, C.K. | : | Prolegomena van 'n prinsipiële pedagogiek, | 396 |
| 9. | LANDMAN, W.A. en ROOS, S.G. | : | a.w., | 115, 73 |
| 10. | GUNTER, G.F.C. | : | a.w., | 302 |
| 11. | VAN ZYL, P. | : | a.w., | 210 |
| 12. | PERQUIN, N. | : | Paedagogiek, | 20 |
| 13. | Ibid. | : | | 16-18 |
| 14. | VAN ZYL, P. | : | a.w., | 222 |
| 15. | PERQUIN, N. | : | a.w., | 22 |
| 16. | LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. en LIEBENBERG, C.R. | : | Opvoedkunde en Opvoedingsleer vir beginners, | 78 |
| 17. | Ibid. | : | | 84, 85 |
| 18. | GUNTER, G.F.C. | : | Aspekte van die Teoretiese Opvoedkunde, | 178 179 |
| 19. | OBERHOLZER, C.K. | : | a.w., | 397 |
| 20. | Ibid. | : | | 421, 422 |
| 21. | Ibid. | : | | 422-424 |
| 22. | VAN ZYL, M.E.J. | : | Enkele fasette van die historisiteit van Protestant-wees en die betekenis daarvan by die Opvoederlike Inhoudsgewing, | 7 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 23. | LANGEVELD, M.J. : | Beknopte theoretische pedagogiek, | 141 |
| 24. | LANDMAN, W.A. en ROOS, S.G. : | a.w., | 23 |
| 25. | Ibid. : | | 35 |
| 26. | VAN ZYL, P. : | a.w., | 198 |
| 27. | LANDMAN, W.A. : | Christen Opvoeder, | 84 |
| 28. | OBERHOLZER, C.K. : | "Wêreld en lewensbeskouing". In: Die waardes van die Afrikaner, | 39 |
| 29. | LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. en LIEBENBERG, C.R. : | a.w., | 36 |
| 30. | Ibid. : | | 71, 72 |
| 31. | LANDMAN, W.A. en ROOS, S.G. : | a.w. | 61 |
| 32. | LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. en LIEBENBERG, C.R. : | a.w. | 36 |
| 33. | KRIEK, A.C. : | 'n Ondersoek na 'n Menswaardige Bestaanswyse en Selfbeoordeling as Pedagogiese Kriteria vir Volwassenheid. (M. Ed-verhandeling, Universiteit van Pretoria), | 66, 67 |
| 34. | Ibid. : | | 67, 68 |
| 35. | VAN DER STOEP, F. : | Didaktiese Grondvorme, | 37 |
| 36. | LANDMAN, W.A. : | Enkele Aksiologiese - Ontologiese momente in die Voorvolwassenheidsbelewing, | 118 |
| 37. | KRIEK, A.C. : | a.w., | 69, 70 |
| | OBERHOLZER, C.K. : | Prologomena van 'n prinsipiële pedagogiek, | 270 |
| 38. | KRIEK, A.C. : | a.w., | 70 |
| 39. | SONNEKUS, M.C.H. : | Die kind as vraagstellende wese in : Psychologia Pedagogica Sursum ! Afskeidsbundel vir B.F. Nel, | 169-177 |
| 40. | VAN ZYL, P. : | a.w., | 196-198 |
| 41. | KRIEK, A.C. : | a.w., | 74 |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 42. | LANDMAN, W.A. | : | Op soek na Pedagogiese Kriteria, | 35 |
| | KRIEK, A.C. | : | a.w., | 76 |
| 43. | Ibid. | : | | 81 |
| 44. | Ibid. | : | | 72 |
| 45. | LANDMAN, W.A. en GOUS, S.J. | : | Inleiding tot die Fundamentele Pedagogiek, | 72 |
| 46. | VAN ZYL, P. | : | a.w., | 196 |
| 47. | GUNTER, C.F.G. | : | Fenomenologie en Fundamentele Opvoedkunde, | 132 |
| 48. | KRIEK, A.C. | : | a.w., | 84 |
| 49. | OBERHOLZER, C.K. | : | Moderne persoonsvisies, Oorgedruk uit Hervormde Teologiese Studies 13, | 46-51 |
| 50. | KRIEK, A.C. | : | a.w., | 67 |
| 51. | KRIEK, A.C. | : | a.w., | 89 |
| 52. | Ibid. | : | | 93-94 |
| 53. | Ibid. | : | | 99 |
| 54. | OBERHOLZER, C.K. | : | Referaat in: Waardes vir die Afrikaner, | 42 |
| 55. | VAN ZYL, P. | : | a.w., | 198 |
| 56. | KRIEK, A.C. | : | a.w., | 107 |
| 57. | VAN ZYL, P. | : | a.w., | 203, 204 |
| 58. | LANDMAN, W.A. | : | a.w., | 99 |
| 59. | KRIEK, A.C. | : | a.w., | 109 |
| 60. | LANDMAN, W.A. en GOUS, S.J. | : | a.w., | 72 |
| 61. | LANDMAN, W.A. en ROOS, S.G. | : | a.w., | 61 |
| 62. | FRANKL, V.E. | : | Man's search for meaning, | 110 |
| 63. | KRIEK, A.C. | : | a.w., | 111 |
| 64. | LANDMAN, W.A. | : | Enkele aksiologiese-ontologiese momente in die voorvolwassenheidsbelewing, | 118 |
| 65. | BEETS, N. | : | Volwassen worden, | 76 |
| 66. | KRIEK, A.C. | : | a.w., | 115 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 67. | OBERHOLZER, C.K. : | Prolegomena van 'n prinsipiële pedagogiek, | 163, 270 |
| 68. | LANDMAN, W.A. en ROOS, S.G. : | a.w., | 60 |
| 69. | OBERHOLZER, C.K. : | Referaat in: Waardes vir die Afrikaner, | 39, 40 |
| 70. | VAN ZYL, P. : | a.w., | 217, 218 |
| 71. | HORNE, H.H. : | The Philosophy of Education, | 280, 281 |
| 72. | a. LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. en LIEBENBERG, C.R. : | a.w., | 84, 85 |
| | b. OBERHOLZER, C.K. : | Inleiding in die Prinsipiële Opvoedkunde, | 129 |
| 73. | OBERHOLZER, C.K. : | Referaat in: Waardes vir die Afrikaner, | 40, 42 |
| 74. | OBERHOLZER, C.K. : | Prolegomona van 'n Prinsipiële Pedagogiek, | 402 |
| 75. | VAN ZYL, P. : | a.w., | 5 |
| 76. | LANDMAN, W.A. en ROOS, S.G. : | a.w., | 77 |
| 77. | POPMA, K.J. : | Levensbeschouwing, deel II, | 22 |
| 78. | LANDMAN, W.A. : | Essensies van die pedagogiese doelstrukture | |
| 79. | HEYNS, J.A. : | Referaat in: Waardes van die Afrikaner | 75, 76 |
| 80. | Ibid. : | | 80 |
| 81. | Ibid. : | | 83 |
| 82. | Nagmaalsformulier, Formulierboek | | 26 |
| 83. | GUNTER, C.F.G. : | Aspekte van die Teoretiese Opvoedkunde, | 179-182 |
| 84. | LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. en LIEBENBERG, C.R. : | a.w., | 86 |
| 85. | VAN ZYL, P. : | a.w., | 221 |
| 86. | Nederlandse Geloofsbelydenis, XIV, Formulierboek, | | 79, 80 |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 87. | DE BONDT, A. | : | "De Zonde", VIII. In: Dogma der Kerk onder redactie van Berkouwer, Toornvliet e.a. | 272 |
| 88. | Ibid. | : | | 272, 273 |
| 89. | Die Bybel | : | Johannes 3:36 | |
| 90. | BAVINCK, H. | : | Het Verbond der Genade, Gereformeerde Dogmatiek III, | 175 |
| 91. | BERKOUWER, G.C. | : | Dogmatische Studiën: Zonde I, | 132 |
| 92. | Heidelbergse Kategismus, Sondag 16 Vraag 42, Formulierboek, | | | 108 |
| 93. | GUNTER, C.F.G. | : | Opvoedingsfilosofieë, | 313 |
| 94. | HEYNS, J.A. | : | a.w., | 77 |
| 95. | HASTINGS, J. (Ed.) | : | Dictionary of Christ and the Gospels, Vol II, | 477 |
| 96. | Heidelbergse Kategismus | : | Sondag 6, Vraag 16, Formulierboek, | 102 |
| 97. | BERKOUWER, G.C. | : | Dogmatische Studiën: Zonde II, | 103, 104 |
| 98. | DE BONDT, A. | : | "De Algemene Genade", In: Het Dogma der Kerk, a.w., | 275, 276 |
| 99. | Ibid. | : | | 278 |
| 100. | BAVINCK, H. | : | Gereformeerde Dogmatiek III, | 201 |
| 101. | Ibid. | : | | 206 |
| 102. | Ibid. | : | | 177 |
| 103. | Nederlandse Geloofsbelydenis, Art. XVII, Formulierboek, | | | 81 |
| 104. | DE BONDT, A. | : | a.w., | 316 |
| 105. | BAVINCK, H. | : | a.w., | 206, 207 |
| 106. | Ibid. | : | | 207 |
| 107. | Ibid. | : | | 213 |
| 108. | Nederlandse Geloofsbelydenis, Art. XVII, Formulierboek, | | | 81 |
| 109. | Heidelbergse Kategismus, Sondag 6, Vraag 18, Formulierboek, | | | 102 |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



110. DE BONDT, A. : a.w., 316

111. BAVINCK, H. : a.w., 204

112. Nederlandse Geloofsbelydenis, Art. XX en Art XXI, Formulierboek, 83

113. BAVINCK, H. : a.w., 205

114. Ibid. : 206

115. VAN NIFTRIK, G.G. : "Vergewing der Zonde (rechtvaardiging en heiliging)", In: Kleine Dogmatiek, 334-336

116. Nederlandse Geloofsbelydenis, Art. XXII en Art. XXIII, Formulierboek, 84, 85

117. Die Dordtse Leerreëls II, Formulierboek, 114

118. POP, F.J. : Bijbelse Woorden en Hun Geheim, 237-241

119. BAVINCK, H. : Gereformeerde Dogmatiek IV, 167

120. Ibid. : 169

121. DE GROOT, D.J. : "Het werk van de Heilige Geest." In: Dogma der Kerk, (Berkouwer e.a.), 437

122. Ibid. : 438

123. Ibid. : 438

124. Heidelbergse Kategismus, Sondag 24, Vraag 62, Formulierboek, 113

125. VAN NIFTRIK, G.C. : a.w., 337-339

126. Heidelbergse Kategismus, Sondag 23, Vraag 60, Formulierboek, 113

127. VAN NIFTRIK, G.C. : a.w., 339, 340

128. BAVINCK, H. : a.w., 175

129. VAN NIFTRIK, G.C. : a.w., 340

130. BAVINCK, H. : a.w., 173

131. Ibid. : 175

132. Ibid. : 176

133. Ibid. : 177

134. CALVIJN, J. : Institusie III, c 12. 76-82

135. BAVINCK, H. : a.w., 182

136. Ibid. : 187

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 137. | Ibid. | : | | 193-195 |
| 138. | Ibid. | : | | 214 |
| 139. | VAN PEURSEN | : | Korte Inleiding in de Existentie-philosophie, | 8,9 |
| 140. | GUNTER, C.F.G. | : | a.w., | 244 |
| 141. | VAN ZYL, P. | : | a.w., | 221 |
| 142. | GUNTER, C.F.G. | : | a.w., | 249-248 |
| 143. | Ibid. | : | | 245 |
| 144. | VAN ZYL, P. | : | a.w., | 217, 218 |
| 145. | PERQUIN, N. | : | a.w., | 349 |
| 146. | LANDMAN, W.A. | : | Enkele aksiologies-ontologiese momente in die voor-volwassenheids-belewenis | 117, 118 |
| 147. | Ibid. | : | | 119 |
| 148. | Ibid. | : | | 119, 120 |
| 149. | PERQUIN, N. | : | a.w., | 331 |
| 150. | Ibid. | : | | 330, 331 |
| 151. | GUNTER, C.F.G. | : | a.w., | 319 |
| 152. | Ibid. | : | | 321 |
| 153. | Ibid. | : | | 322 |
| 154. | Ibid. | : | | 323 |
| 155. | Ibid. | : | | 324 |
| 156. | VAN ZYL, P. | : | a.w., | 221 |
| 157. | GUNTER, C.F.G. | : | a.w., | 313 |
| | WILBERS, P.J.E. | : | Die Moontlikheid, Noodwendigheid en Plek van 'n Pedagogiese Doelkunde en Doelleer, | 80 |
| 158. | Ibid. | : | | 81 |
| 159. | Ibid. | : | | 90 |
| 160. | Ibid. | : | | 98 |
| 161. | BAVINCK, H. | : | Gereformeerde Dogmatiek II, | 532 |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 162. | Ibid. | : | | 524 |
| | GUNTER, C.F.G. | : | a.w., | 326 |
| 163. | BAVINCK, H. | : | a.w., | 526 |
| 164. | GUNTER, C.F.G. | : | a.w., | 326 |
| 165. | BAVINCK, H. | : | a.w., | 530 |
| 166. | Ibid. | : | | 531 |
| 167. | Ibid. | : | | 532 |
| 168. | GUNTER, C.F.G. | : | a.w., | 327 |
| 169. | BAVINCK, H. | : | a.w., | 524 |
| 170. | Ibid. | : | | 532 |
| 171. | Ibid. | : | | 531 |
| 172. | Ibid. | : | | 532 |
| 173. | WILBERS, P.J.E. | : | a.w., | 79 |
| 174. | Ibid. | : | | 200, 201 |